# Sondag, 6 Augustus 2023

**Skriflesing:** 2 Konings 3:1-19

**Tema:** Wil God mense help?

## Skriflesing

**2 Konings 3:1-19**

**Die Moabiete rebelleer teen Israel**

1Joram seun van Agab het in Samaria koning oor Israel geword in die agtiende regeringsjaar van
koning Josafat van Juda. Hy was twaalf jaar lank koning. 2Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë
van die Here, maar nie so erg soos sy pa en ma nie: hy het darem die klippilaar van Baäl wat deur
sy pa gemaak is, verwyder. 3Tog het hy volhard in die sondes wat Jerobeam seun van Nebat vir
Israel laat doen het; hy het dit nie laat vaar nie.

4Koning Mesa van Moab was 'n skaapboer wat honderd duisend lammers en die wol van honderd
duisend ramme aan die koning van Israel moes lewer. 5**Toe Agab dood is,** het die koning van
Moab teen die koning van Israel gerebelleer. 6Koning Joram het onmiddellik uit Samaria vertrek
en die hele Israel onder die wapen gebring. 7Hy het aan koning Josafat van Juda die volgende
boodskap gestuur: “Die koning van Moab het teen my gerebelleer. Gaan jy hom saam met my
aanval?”

Josafat het geantwoord: “Ek sal saam met jou opruk. Ek en jy is een. My manskappe is jou manskappe, en my perde is jou perde.”

8“Met watter pad sal ons opruk?” het Joram gevra.

“Met die pad deur die Edomwoestyn,” het Josafat geantwoord.

9**Die koning van Israel,** die koning van Juda en die koning van Edom het saam opgetrek. Nadat hulle sewe dae gevorder het, was daar nie meer water vir die manskappe en vir die diere by hulle nie.

10Toe sê die koning van Israel: “Helaas, die Here het hierdie drie konings geroep net om hulle in die mag van Moab oor te gee.”

11Maar Josafat het gevra: “Is hier nie 'n profeet van die Here deur wie ons die Here kan raadpleeg nie?”

Een van die amptenare van die koning van Israel het geantwoord: “Elisa seun van Safat is hier. Hy het sy opleiding by Elia gekry.”

12Toe het Josafat gesê: “Die woord van die Here is by Elisa.”

Daarna het Josafat en die konings van Israel en Edom na Elisa toe gegaan.
13 **Elisa het vir die koning van Israel** gesê: “Het ons nog iets vir mekaar te sê? Gaan na die profete van jou pa en jou ma toe.”
Maar die koning van Israel het vir hom gesê: “Nee, dit is tog die Here wat hierdie drie konings geroep het net om hulle in die mag van Moab oor te gee.”
14 Elisa het geantwoord: “So seker as die Here die Almagtige lewe, in wie se diens ek is, as dit nie was dat ek agting het vir die persoon van koning Josafat van Juda nie, sou ek my nie eens verwerdig het om na jou te kyk nie.
15 Bring nou vir my 'n lierspeler.”
Terwyl die lierspeler gespeel het, het die mag van die Here vir Elisa in besit geneem,
16 en hy het gesê: “So sê die Here: Daar sal damme en damme water in hierdie vallei staan.
17 K**yk, so sê die Here**: Julle sal nie wind of reën sien nie, en tog sal hierdie vallei vol water word, sodat julle en julle slagvee en julle pakdiere kan drink.
18 Vir die Here is dit maar iets gerings om te doen: Hy sal ook vir Moab in julle mag oorgee.
19 Julle sal al hulle vestingstede, die uitsoekstede, inneem, al die mooi bome uitkap, al die fonteine toestop, en al die mooi lande vol klippe gooi.”

### Sitaat

“... bevoorreg is hulle wat die woord van God hoor en dit onderhou.” – **Lukas 11:28**

### PREEK

**Geliefde broers en susters,**

Soms bid ons hard en ons **bid baie**. En as ons eerlik is, is die rede daarvoor – die feit dat ons op daardie oomblik van ons lewe God se definitiewe ingrepe nodig het!
Ons bid baie en aanhoudend wanneer dit vir ons moeilik gaan, onseker gaan of wanneer ons skielike hulp nodig het.

Dalk, is ons skuldig daaraan dat ons net bid as ons God nodig het. Maar al bid ons elke dag na God en al sê ons meer dankie aan God as om van Hom dinge te vra – kry mens daardie tye in jou lewe waar jy **wonder of God jou hulp geroep hoor** en of Hy werklik iets vir jou gaan doen?

Wil God mense help?

**Uitbou**

Ons het gelees van twee konings wat saam kom om te gaan veg teen die koning van Moab.

U sal onthou dat **Israel begin het met 1 koning** – koning Saul. Na Saul was dit koning Dawid. Na Dawid was dit sy seun Salomo, maar na Salomo het die koninkryk in twee geskeur en was daar 'n Noord ryk – Israel – en 'n Suid ryk – Juda.
Die konings van die Noord ryk was **almal afvallig** van God en het meestal afgode aanbid. En hier lees ons juis van koning Joram van Israel.
Hy vra vir die koning van die Suid ryk – koning Josafat – om saam met hom te gaan veg teen die koning van Moab, want daardie koning was onderhorig aan Israel en hulle moes onderdanig wees aan Israel, maar het nou gerebelleer.

Saam met hierdie twee konings, was die koning van Edom, en hy is saam omdat hy onderhorig was aan koning Josafat.

Hierdie drie konings vat die pad en besluit om die Moabiete te verras deur met 'n ander pad na hulle land te trek. Maar hulle **beplanning was nie goed nie** en hulle het uit water geraak.

En kry ons hier twee maniere van kyk na God se ingryping by hierdie ekspedisie.

**Die slegte koning** – Joram maak die volgende opmerking:
*Toe sê die koning van Israel: "Helaas, die Here het hierdie drie konings geroep net om hulle in die mag van Moab oor te gee."* - 2 Konings 3:10

Wat hy bedoel is, hulle is sonder water en hulle sal dan kapoet in Moab aankom en dan sal die **Moabiete hulle maklik oorweldig** en verslaan.
Maar ons hoor ook iets daar by –
Joram weet God is by magte om in te gryp, maar twyfel of God dit wil doen.

Mense kon soms sê: " Ek weet God kan genees, maar wil Hy?" of: "Ek weet God kan die reën gee, maar wil Hy?"

En dis so iets wat Joram nou sê – God bring die konings byeen om Moab te gaan uitsorteer, maar Hy gaan hulle in die steek laat.

Wat ons by hom hoor is dat **sy opmerking grens aan ongeloof**, aan wantroue. Hy erken God en Sy mag, maar hy glo nie God wil help nie.

**Die goeie koning –** koning Josafat sê:

*"Is hier nie 'n profeet van die Here deur wie ons die Here kan raadpleeg nie?"* – 2 Konings 3:11

Hier hoor ons **die regte optrede**, naamlik om te vra na wat God se wil dan eintlik is. Om in sy Woord vir die regte antwoord te soek en om daarby te berus, selfs al is dit soms onbegryplik vir ons.

Wat ons dan hier verder sien is dat **Elisa, die profeet van God**, deur hierdie konings geraadpleeg word. Deur Elisa se reaksie kom ons agter dat Joram 'n slegte koning is en dat Elisa wel dink koning Josafat is 'n goeie koning.

En dan sê Elisa dat God vir hom sê dat **die koning nie bekommerd hoe te wees nie**, want God sal vir hulle *water stuur*, op 'n wonderbaarlike manier en nie net dit nie; God gaan *Moab oorgee in hulle mag*.

As u verder sou lees dan sien mens sien dat **God die water** wat hy gegee het gebruik om te help dat die Moabiete oorwin word. Die Moabiete het die water gesien, wat God vir die konings gestuur het, maar die manier hoe die son geskyn het, het dit laat lyk soos bloed en hulle het holderstebolder die Israeliete aangeval, want hulle het gedink die konings was besig om mekaar dood te maak. En in hulle oorhaastigheid is hulle deur die Israeliete verslaan.

God het daardie water wat soos bloed gelyk het, gebruik om ook oorwinning te bring.

**Christologie**

In hierdie laaste beeld, hoor ek **iets van Jesus**. God het deur die bloed van Jesus vir ons almal oorwinning gebring, net soos vir hierdie drie konings, met water wat soos bloed gelyk het.

Ook gee Jesus vir ons **die lewende water**! Net soos die water wat vir die drie konings gestuur is om hulle dors te les en hulle kragte te versterk!

**Slot**

Broers en susters, God wil mense help!

God sal jou altyd help!
Die vraag is dus nie – of God jou wil help nie – maar eerder of jy en ek bereid is om God te vertrou?
Moet nooit bid en sê: 'Here, ek weet U is magtig en kan groot dinge doen, maar ek glo nie U wil dit vir my doen nie', want dit getuig baie maklik van ons ongeloof en wantroue.

Nee, bid eerder en vra vir hulp en soek na God se Wil in sy Woord en deur gebed en wag op Hom met geloof, want God het al meer as eenmaal bewys dat Hy betroubaar is en dat ons reeds groot genade ontvang het, wat hard getuig van Sy gewilligheid om ons te help!

Broers en susters, God wil jou help – hou jy net aan bid as iemand wat God vertrou, al moet jy wag en al moet jy nuwe dinge leer op pad na die antwoord wat God wel vir jou sal bring.
**Amen**